basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**GESKIEDENIS V2**

**FEBRUARIE/MAART 2017**

**MEMORANDUM**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2017-03-30
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**PUNTE: 150**

Final Approved.
Ext. Mod.
30/3/17

Final Approved Copy
DBE
Internal Moderator
G Snyders
30/3/2017

**Hierdie memorandum bestaan uit 21 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

**1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| Kognitiewe Vlakke | Historiese vaardighede | Gewigstoekenning van vrae |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30%**<br>**(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40%**<br>**(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30%**<br>**(15)** |

**1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

**1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓).
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
2017-03-20
APPROVED

- Maak regmerkies (√) wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1,2, of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

__________ . ________________________ . ________________________

____________________________________________ . _________________

√√√√√

Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt op die kantlyn regs onder, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om 'n beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2017 -03- 30
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXA

**2.4 Assesseringsprosedures van die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt ('bullet') in die nasienriglyne/memorandum), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt in die nasienriglyn/memorandum) bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie **Λ**
- Verkeerde stelling ________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie 1√

**2.5. Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2017 -03- 30
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

| AANBIEDING → / INHOUD ↓ | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7**<br>Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | **47–50** | **43–46** | | | | | |
| **VLAK 6**<br>Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is | **43–46** | **40–42** | **38–39** | | | | |
| **VLAK 5**<br>Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | **38–39** | **36–37** | **34–35** | **30–33** | **28–29** | | |
| **VLAK 4**<br>Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | **30–33** | **28–29** | **26–27** | | |
| **VLAK 3**<br>Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | **26–27** | **24–25** | **20–23** | |
| **VLAK 2**<br>Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | **20–23** | **18–19** | **14–17** |
| **VLAK 1***<br>Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | **14–17** | **0–13** |

### *Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord ; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2017 -03- 30
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: HOE HET DIE STUDENTE VAN SOWETO DIE APARTHEIDSREGIME GEDURENDE DIE 1970's UITGEDAAG?

1.1 1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Om die lewe vir swart mense in die stede so onaangenaam en onplesierig as moontlik te maak
- Om verstedeliking te ontmoedig (2 x 1) (2)

1.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Hulle het die regering se beleide uitgedaag
- Hulle het die regering se beleide teengestaan
- Hulle veg vir die bevryding van alle Suid-Afrikaners van apartheid
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Onvoldoende behuising
- Swak sanitasie
- Oorvol skole
- Streng toepassing van paswette
- Gevolglike verwoesting van gesinslewens
- Voortdurende polisieteistering tuis en op straat (Enige 4 x 1) (4)

1.2 1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Mashinini wou sien dat die verdrukte Suid-Afrikaners bevry word (1 x 1) (1)

1.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- 'n Student van formaat
- 'n Student wat 'n passie vir lees gehad het (2 x 1) (2)

1.2.3 *[Verduideliking van 'n histories konsep uit Bron 1B – V1]*
- 'n Filosofie wat deur Steve Biko gepropageer is en selfvertroue, selfversekerdheid, selfbewussyn en trots onder swart Suid-Afrikaners aanmoedig het
- 'n Filosofie wat deur Steve Biko gepropageer is en ander aktiviste vir swart Suid-Afrikaners om onafhanklik/self-onderhoudend te wees van ander rasse rakende die stryd vir gelykheid en regverdigheid
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2017 -03- 30
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

1.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*

- Mashinini het 'n aktivis geword om teen die onregverdigheid van apartheid te veg
- Mashinini het op 'n jonk ouderdom leier van die Soweto Studente Verteenwoordigende Raad geword
- Mashinini was op die voorgrond van die betoging op 16 Junie 1976
- Mashinini as leier was ten gunste van vreedsame protes
- Mashinini kon 20 000 studente/leerlinge bymekaar kry vir die optog
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.3 1.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*

- Morris Isaacson High School (1 x 1) (1)

1.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*

- Die polisie het begin om houers met traangas te gooi
- Die loslaat van die hond
- Die polisie het lewendige ammunisie gebruik (2 x 1) (2)

1.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*

- Die polisie was in die middel van die betogende studente vasgekeer en was vreesbevange
- Die polisie het probeer om hul weg uit te forseer en van die protesterende studente te ontsnap
- Hulle hond is doodgeslaan
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.3.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*

Seth Mazibuko het die rol van vroue hoog aangeskryf omdat:

- Hulle het gehelp om studenteleiers te vermom
- Hulle het studente met hulle klere aangetrek
- Vroue het vir hulle water gegee nadat hulle met traangas deur die polisie bestook was
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.3.5 *[Vasstelling van betroubaarheid van Bron 1C – V3]*

**Tot 'n groot mate**

- Dit is 'n ooggetuie-weergawe deur Mazibuko oor hoe gebeure op 16 Junie 1976 ontwikkel het
- Dit het in *Sunday Times* op 12 Junie 2016 verskyn
- Dit kan met ander bronne nagegaan word
- Seth was een van die leiers van die optog
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

**Tot 'n mindere mate**

- Dit is 'n ooggetuie weergawe – dit is eensydig
- Dit kan bevooroordeeld wees
- Die insident het in 1976 gebeur en word in 2016 rapporteer – daar kon afdwaling van herinneringe gewees het
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)



DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2017 -03- 30
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXA

1.4 *[Vergelyking van bewyse om ooreenkomste vas te stel in Bronne 1B en 1C – V3]*

- Bron 1B en 1C verwys na die jeug as leiers wie die 16 Junie betoging organiseer het
- Bron 1B en 1C verwys na die jeug wat op die voorpunt van die 16 Junie 1976 betoging was
- Bron 1B en 1C verwys na die jeug as verantwoordelik omdat hulle 'n vreedsame betoging beplan het
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.5 1.5.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*

- Die fotograaf wys die polisie optrede teen ongewapende kinders
- Die fotograaf wys ongewapende kinders wat die 'vrede teken' wys en hulle aan die polisie oorgee
- Dit toon die vreedsame/nie-gewelddadige aard van die protesteerders
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*

**Die woorde is effektief omdat:**

- Dit die aanvanklike vreedsame bedoeling van die Soweto-opstande reflekteer
- Dit toon dat die studente vreesloos was teenoor die apartheid regime
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Die jeug van Soweto het die regering se plan van groot apartheid teengestaan (Bron1A)
- Die jeug het betoog omdat hulle in Afrikaans onderrig was (Bron 1A)
- Op 16 Junie 1976 het die jeug apartheid konfronteer en dit was die begin van die vryheidstryd (Bron 1A)
- Skrikwekkende toestande in die townships (Bron 1A)
- Die oorkoepelende doel van die jeug met die Soweto-opstande was om die verdruktes vry te maak (Bron 1B)
- Die Soweto-opstande van 16 Junie 1976 het meer as 20 000 studente gelok om teen apartheid onderwys te protesteer (Bron 1B)
- Konstante polisie teistering (Bron 1B)
- Die studente het 'n vreedsame protes beplan maar die polisie het geweld gebruik om hulle te onderdruk (Bron 1C)
- Die eerste slagoffers was van die protes was Hector Peterson en Hasting Ndlovo (Bron 1C)
- Die Soweto-opstande was 'n waterskeiding gebeurtenis in die geskiedenis van Suid-Afrika (eie kennis)
- Die Soweto-opstande het na die res van Suid-Afrika versprei (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2017 -03- 30
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse. **bv. toon geen of min begrip van hoe die studente van Soweto die apartheidsregime gedurende die 1970's uitgedaag het nie.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan glad nie oor die onderwerp skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in groot mate verband met die onderwerp bv. **toon begrip van hoe die studente van Soweto die apartheidsregime gedurende die 1970's uitgedaag het nie.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **Toon 'n deeglike begrip van hoe die studente van Soweto die apartheidsregime gedurende die 1970's uitgedaag het nie.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2017 -03- 30
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**VRAAG 2: WAS DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SUKSESVOL OM SUID-AFRIKANERS MET HULLE VERDEELDE VERLEDE TE VERSOEN?**

2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*

- Om menseregteskendings te ondersoek (1 x 1) (1)

2.1.2 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 2A – V1]*

(a)

- Indien oortreders van brutale mense regte skendings die waarheid praat oor hul betrokkenheid in politieke gemotiveerde moorde dan sou amnestie aan hulle toegestaan word
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

(b)

- Om slagoffers en oortreders bymekaar te bring vir die politieke misdade wat gedurende die apartheidsera gepleeg is
- Vir slagoffers en oortreders om van aangesig tot aangesig te ontmoet, om verskoning en vergifnis te vra
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*

- Daar was nie kruisverhoor van slagoffers nie
- Hulle het nie die redes ondersoek oor waarom oortreders gruweldade van mense regte skendings teen politieke aktiviste gepleeg het nie
- Hulle het nie gekonsentreer op die besonderhede oor waarom die politieke misdade gepleeg was nie
- Hulle het staatgemaak op hoorsê-getuienis
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*

(a) Vlakplaas-operateurs

- Hulle was betrokke by die moord van die PEBCO Drie; die Gugulethu Sewe en ander moorde en misdade
- Hulle wou vervolging en tronkstraf vryspring
- Hulle het om amnestie gevra vir die moorde op Mathew Goniwe en drie vriende buite Port Elizabeth
- Vlakplaas-operatuers het die apartheidsregime verdedig
- Hulle was bang dat hulle vervolg sou word
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

(b) ANC-operateurs

- Was verantwoordelik vir die Kerkstraatbomaanval waarin 18 mense gesterf het
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2017 -03- 30
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Die bevrydingsbewegings (ANC en PAC) (1 x 1) (1)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- Die PAC regverdig hulle aanvalle op wit Suid-Afrikaners omdat hulle ook teikens was
- Die PAC het erken dat sy lede betrokke was in kriminele aktiwiteite
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Die IVP het geweier om saam te werk (1 x 2) (2)

2.2.4 *[Evaluering van bruikbaarheid van Bron 2B – V3]*
**Die bron is BRUIKBAAR omdat:**
- Dit gee insae oor waarom politieke partye betrokke geraak het in politieke gemotiveerde oortredings
- Dit beklemtoon hoe die NP nie blaam wou aanvaar vir misdade wat hulle gepleeg het
- Dit wys hoe die NP bevryding organisasies blameer vir politieke geweld wat gepleeg was en was nie bereid om enige blaam te aanvaar nie
- Dit ontbloot hoe die IVP weier om met die WVK saam te werk
- Dit wys hoe die PAC aanvalle op wit Suid-Afrikaners regverdig
- Die IVP blameer die staat en ANC vir die geweld wat gepleeg was
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.3 2.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Brons 2C – V2]*
- Die NP het geweier om verantwoordelikheid te aanvaar vir oortredings wat gelys was (spraak borrel – WAT IS 'APARTHEID'?).
- Die NP beskou die ANC as onbevooroordeeld (glimlag op hul gesigte)
- Die NP kon nie die oortredings onthou wat gedurende die apartheid era gepleeg was nie (spraak borrel – WAT IS 'APARTHEID'?)
- Die NP was nie bereid om bekend te maak wie daardie opdragte gegee (spraakborrel – Wie Gee Die Opdragte?)
- Die NP het ontken dat apartheid bestaan het waarvoor hulle verantwoordelik was (spraak borrel – WAT IS 'APARTHEID'?)
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- Bomaanvalle
- Telefoon afluister
- Diefstal van uniefondse
- Spioenasie
- Smeerveldtogte
- Vlakplaas
- Derde Mag
- Moordbendes (Enige 4 x 1) (4)

2.4 *[Vergelyking van bewyse in Bronne 2B en 2C – V3]*

- In Bron 2B erken die NP die seermaak wat dit veroorsaak het met die beleide van apartheid waar as in Bron 2C die NP dui aan dat dit geen kennis dra van apartheid nie
- In Bron 2B was die NP nie gereed om die blaam te dra vir enig oortredings wat gepleeg was tydens sy regering nie waar as in Bron 2C die NP met 'n lys van oortredings wat hulle gepleeg aangebied word
- In Bron 2B blameer die NP die ANC vir gewelddadige ideologieë waar as in Bron 2C die NP ontken verantwoordelikheid vir derde mag aktiwiteite, Vlakplaas en moord bendes
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.5 2.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2D – V1]*

- Blameer die ANC vir hulle bydrae tot die styging in geweld (skending van die reg op lewe)
- Opleiding van selfverdedigingseenhede in 'n onstabiele situasie (skending van veiligheid en lewe) (2 x 1) (2)

2.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*

**Die antwoord moet <u>BEIDE</u> die ANC en die IVP insluit**:

- Die ANC wou nie blameer word vir menseregte skendings nie/Die ANC het gevoel dat hulle nie verantwoordelik was vir die konflik nie maar het eerder die Nasionale Party blameer
- Die IVP wou nie blameer word vir politieke geweld nie
- Albei wou hê dat die finale kopie in hulle guns aangepas moes word
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – ]*

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

**Kandidate kan 'n standpunt inneem en verduidelik of die Waarheids-en Versoeningskommissie suksesvol was om Suid-Afrika se verdeelde verlede te versoen OF kandidate kan 'n gemengde antwoord gee wat SUKSESVOL of NIE SUKSESVOL NIE insluit.**

**SUKSESVOL**

- Die WVK was gestig om menseregteskendings te ondersoek en bemagtig om amnestie toe te staan (Bron 2A)
- Meer as 'n 1000 oortreders het amnestie ontvang (Bron 2A)
- Die WVK het 'n terapeutiese rol uitgevoer omdat die oortreders toegelaat is om hul stories te vertel (Bron 2A)
- Die WVK was daarin in staat om die waarheid te ontbloot deurdat oortreders toegelaat was om hul stories te vertel (Bron 2A)
- Politieke partye het erken dat gewelddadige oortredings gepleeg was (Bron 2B)
- 'n Lys van gewelddadige oortredings wat gepleeg was is aan die NP oorhandig (Bron 2C)
- Die ANC is beskou as huigelaars omdat hulle soortgelyke oortredings gepleeg het (eie kennis)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2017 -03- 30
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

- Die WVK het die ANC verantwoordelik gehou vir menseregteskendings voor en na 1990 (Bron 2D)
- Die WVK het derdemagaktiwiteite beklemtoon (Bron 2D)
- Die geloofwaardigheid van die WVK is uitgedaag toe die finale verslag verander is om die IVP bevindings in te sluit (Bron 2D)
- Die WVK was daarom beskou as suksesvol omdat dit bygedra het tot nasie bou en versoening (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

**OF**

**NIE SUKSESVOL**

- Kruisverhoor van slagoffers was nie toegelaat nie (Bron 2A)
- Politieke partye was nie bereid om enige verantwoordelikheid te neem vir die gewelddadige oortredings wat gepleeg is nie (Bron 2B)
- Die persone wat die bevel vir die oortredings wat gepleeg was gegee het, is nog nooit bekend gemaak nie (Bron 2C)
- Die WVK was beskou as 'n 'heksejag' wat ou wonde oopgemaak het (eie kennis)
- Baie families het nog steeds vir antwoorde gesoek (eie kennis)
- Oortreders was nie verantwoordelik gehou vir die oortredings wat hulle gepleeg het nie (eie kennis)
- Die WVK het nie sy doelstellings bereik nie omdat dit onbevoeg was om versoening teweeg te bring (eie kennis)
- Twintig jaar later word die WVK beskou as onsuksesvol omdat dit nie die ongeregtighede van die verlede aangespreek het nie (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, **bv. toon geen of min begrip of die Waarheids-en-Versoenings-kommissie suksesvol was om Suid-Afrika met sy verdeelde verlede te versoen.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan glad nie oor die onderwerp skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip of die Waarheids-en-Versoeningskommissie suksesvol was om Suid-Afrika met sy verdeelde verlede te versoen.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip of die Waarheids-en-Versoeningskommissie suksesvol was om Suid-Afrika met sy verdeelde verlede te versoen.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2017 -03- 30
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**VRAAG 3: HOE HET DIE IMPLEMENTERING VAN STRUKTURELE-AANPASSINGSBELEIDE (SAB's) DIE EKONOMIEË VAN ONTWIKKELENDE LANDE BEÏNVLOED?**

3.1 3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- VSA
- Brittanje
- Frankryk
- Japan
- Italië
- Kanada
- Duitsland (Enige 3 x 1) (3)

3.1.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- Strukturele-aanpassingsbeleide bestaan uit lenings verskaf deur die Internasionale Monetêre Fonds en Wêreldbank aan lande wat ekonomiese krisisse beleef
- Om die lande onderhewig te maak aan IMF-onderhewige ekonomiese regimes (Enige 1 x 2) (2)

3.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- Die IMF wou Afrikalande in die skuld hou
- Hulle was nou daarin in staat om hul skuld afbetalings te herskeduleer
- Sodat hulle verdere hulp kon ontvang (Enige 1 x 2) (2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*

- Dit het polities ingemeng in die interne sake van Afrikalande
- Afrikalande het geen insae gehad in die voorwaardes wat die IMF ingestel het nie
- Dit het nie die politieke en ekonomies werklikhede van Afrikalande in ag geneem nie
- Dit het aanleiding gegee tot ekonomiese swaarkry vir gewone Afrikane
- Hulle sou nie verdere lenings kry as hulle nie voldoen nie
- Afrika-lande kon dit net bekostig om hul lenings terug te betaal en nie die rente nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.2 3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*

- Tussen 1980 en 1990 het Derdewêreldlande $178 biljoen oorgedra aan Westerse handelsbanke as deel van skuld vereffening
- Daar was 'n groot kapitaaluitvloei uit lande wat in die suide geleë is
- Dit het regerings se besteding beperk ten gunste van skuld vereffening (1 x 2) (2)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2017 -03- 30
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*

- Dit het die ekonomieë van Afrikalande verwoes
- Dit het bygedra tot hongersnood in Afrikalande
- Dit gee aanleiding tot armoede/swak lewensomstandighede in Afrikalande
- Dit gee aanleiding tot die verwoesting van gesondheid en onderwys dienste in Afrikalande
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*

- Skuld onder Afrikalande verdubbel tot meer as $1.5 triljoen teen die einde van die 1980's, verdubbel weer tot $3 triljoen teen die einde van die 1990's (1 x 2) (2)

3.2.4 *[Evaluering van bruikbaarheid uit Bron 3B – V3]*
**Kandidate kan of BRUIKBAAR of NIE-BRUIKBAAR NIE kies en hul antwoord met relevante bewyse ondersteun.**

**BRUIKBAAR**

- Dit beklemtoon die finansiële impak wat strukturele-aanpassingsbeleide op Afrika gehad het
- Die beklemtoon die kapitaal uitvloei wat Afrikalande ervaar het
- Dit verduidelik die uitwerking wat Strukturele-aanpassingsbeleide op jong mense gehad het
- Dit verduidelik die menings van internasionale hoogaangeskrewe ekonome soos A Ismi; Morris Miller (Kanadese voormalige Wêreldbank-direkteur); Perez de Cuellar (VN Sekretaris-Generaal) op Strukturele-aanpassingsbeleide
- Enige ander relevante antwoord

**NIE BRUIKBAAR NIE**

- Die bron is die siening van twee skrywers op SAB's en dit kan eensydig wees
- Die bron gee nie genoeg informasie oor die uitwerking van Strukturele-aanpassingsbeleide nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.3 3.3.1 *[Interpretasie van informasie uit Bron 3C – V2]*
Die spotprenttekenaar beeld die Internasionale Monetêre Fonds se Strukturele-aanpassingsbeleide op 'n negatiewe manier uit omdat:

- Daar was geen verbetering in die laaste tien 10 jaar nie
- Daar was ekonomiese stilstand van die ekonomieë van Afrikalande
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2017 -03- 30
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

3.3.2 *[Interpretasie en evaluering van informasie uit Bron 1C – V2]*

- Die opskrif wys die impak wat die Strukturele-aanpassingsbeleide op ontwikkelende lande gehad het/geen verskil nie
- Die opskrif wys dat na 10 jaar se implementering van Strukturele-aanpassingsbeleide, ontwikkelende lande nog steeds arm is
- Die opskrif wys dat Strukturele-aanpassingsbeleide min bevoordeel was
- Die opskrif wys dat Strukturele-aanpassingsbeleide 'n mislukking is
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.4 *[Vergelyking van bewyse uit Bronne 3B en 3C – V3]*

- **Bron 3B** verwys na die beperkinge wat op regeringsbesteding toegepas was as gevolg van skuldvereffening terwyl
  **Bron 3C** wys dat Afrikane nie behoorlike huise het nie
- **Bron 3B** wys dat skuldvereffening bygedra het tot armoede onder die Afrikane terwyl
  **Bron3C** wys die bewyse van armoede
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.5 3.5.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*

**Tot 'n groot mate**

- Privatisering van staatseiendomme, vermindering van inflasie, en vermindering van begrotingstekorte
- Die ontginning van grondstowwe of goedere
- Enige ander relevante antwoord

**Tot 'n mindere mate**

- Ekonomiese groei is nie omgewingsvolhoubaar nie
- Ekonomiese groei het misluk om werk te skep of om inkomste te vermeerder
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2017-03-30
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

3.5.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*

- Afbetaal van regeringswerkers
- Salarisbeperkinge
- Hoër rentekoerse
- Vermindering van regeringbesteding
- Die sluit van binnelandse nywerhede (Enige 3 x 1) (3)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Ontwikkelende lande wat Strukturele-aanpassingsbeleide implementeer het, was onderhewig aan voorskriftelike IMF ekonomiese reëls (Bron 3A)
- Die implementering van Strukturele-aanpassingsbeleide was onder verpligting om staat eiendomme te privatiseer, tariewe te verlaag en subsidies op verbruikers goedere te besnoei (Bron3A)

- Ontwikkelende lande het gelei onder IMF- en Wêreldbank-inmenging in hul interne sake (Bron 3A)
- Amper $178 biljoen was oorgedra na Westerse kommersiële banke wat regeringbesteding beperk het (Bron 3B)
- Die lenings voorwaardes van die IMF en Wêreldbank het bygedra tot armoede en hongersnood in ontwikkelende lande (Bron 3B)
- Die lenings voorwaardes van die IMF en Wêreldbank het gesondheids- en onderwyssektore in baie ontwikkelende lande verwoes (Bron 3B)
- Die implementering van Strukturele-aanpassingsbeleide het bygedra tot 'n toename in armoede onder Afrikane (geen behoorlike behuising, gebrek aan elektrisiteit, lopende water) (Bron 3C)
- Strukturele-aanpassingsbeleide het bygedra tot 'n afname in plaaslike koopkrag omdat invoere te duur was (Bron 3D)
- Die implementering van Strukturele-aanpassingsbeleide het bygedra tot regerings afdankings, beperkinge op salarisse, vermindering in regering spandering en bankrotskap van plaaslike markte (Bron 3D)
- Strukturele-aanpassingsbeleide het bygedra tot sosio-ekonomiese onsekerheid, politieke onstabiliteit, anti-regeringsoptogte/-protesaksie en betogings oor verhoogde voedselpryse (eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

**Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:**

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, **bv. toon geen of min begrip van hoe Strukturele-aanpassingsbeleide ontwikkelende lande beïnvloed het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan glad nie oor die onderwerp skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van hoe Strukturele-aanpassingsbeleide ontwikkelende lande beïnvloed het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van hoe Strukturele-aanpassingsbeleide ontwikkelende lande beïnvloed het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2017 -03- 30
APPROVED MARKING GU...
PUBLIC EXAM...

## AFDELING B: OPSTELVRAE

## VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970s TOT 1980s: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980s

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet aandui of hulle met die stelling saam stem of nie. Hulle moet relevante voorbeelde gebruik om aan te dui of interne organisasies suksesvol was om PW Botha se apartheid regime gedurende die 1980's uit te daag.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet verduidelik hoe die verskillende interne weerstand organisasies suksesvol was om die apartheid regering uit te daag.

**UITBREIDING**

- Botha se poging om apartheid te hervorm deur die instelling van die Drie Kamer Parlement
- Die stigting en response van die UDF tot die Drie Kamer Parlement stelsel
- Die UDF begin met veldtogte soos die 'Don't Vote Veldtog' en 'Miljoen Handtekening' Veldtogte (Om Kleurling in Indiër Suid-Afrikaners oor te haal om nie in die Drie-kamer parlementêre verkiesings te stem nie)
- Die intensivering van die interne weerstand bv. gewelddadige protes in die Vaal Driehoek en elders in Suid-Afrika
- Die rol van die Vaal Civic Association in die organisering van huur boikotte (Die Vaal Townships begin met rollende massa aksie, stadsraadlede word vermoor, skole het met boikotte begin)
- PW Botha het opeenvolgende Noodtoestande afgekondig in 1985 en 1986 om die teenkanting teen apartheid te stop maar was onsuksesvol
- Die rol van die werkers unies (Die stigting van COSATU in 1985 was 'n keerpunt in die stryd vir vryheid en demokrasie; die African Food Canning Workers Union doen 'n beroep vir die eerste nasionale staking
- Die stakings was daarop gemik om die werkomstandighede van werkers te verbeter
- Verbruikers boikotte het 'n belangrike rol gespeel in die stryd teen apartheid (die ekonomie het 'n negatiewe uitwerking op wit Suid-Afrikaners gehad het)
- Onderwysstryd – Education Crisis Committee, COSAS en NUSAS Begin die 'Education Charter Veldtog', ens. teen Botha se regime
- Die rol van die 'End Conscription Veldtog' (Wit Suid-Afrikaanse mans het konskripsie tot die weermag teengestaan. Menige wit Suid-Afrikaners het gevoel dat dit verkeerd was om die township opstande te onderdruk)
- Die rol van godsdiensorganisasies
- Die rol van die Black Sash (Hulle het Apartheid teengestaan, verskaf humanitêre hulp aan slagoffers van apartheid
- Die rol en impak van die Mass Democratic Movement (MDM) in weerstand tot PW Botha se regime
- Teen die einde van 1989 het die land onregeerbaar geword en die apartheid regime was forseer om onderhandelinge met anti-apartheidsorganisasies te begin
- Enige ander relevante antwoord

**Samevatting:** Kandidate moet hul argument saamvat met enige relevante samevatting **[50]**

Kopiereg voorbehou

DEPARTMENT OF B
EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PR
2017 -0
APPROVED
PUB

## VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet krities bespreek hoe die geweld wat Suid-Afrika in die vroeë1990's verswelg het byna die proses van onderhandeling onder die verskillende politieke organisasies ontspoor het. Hulle moet daartoe in staat wees om te wys hoe die proses van onderhandeling daartoe in staat was om die verskillende uitdagings wat hulle konfronteer het op die pad na demokrasie te oorkom

APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION
2017 -03- 30
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001

**HOOFASPEKTE**

Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit

- Inleiding: Kandidate moet krities die stelling bespreek en aandui hoe hulle beoog om hul gedagte rigting te ondersteun.

**UITBREIDING**

**ONDERHANDELING**

- De Klerk se besluit om Mandela uit die tronk vry te laat op 11 Februarie 1990 wat die weg gebaan het vir onderhandeling.
- Groote Schuur Minuut – 2 Mei 1990 (Gesprekke tussen die ANC en NP)
- Struikelblokke tot onderhandelinge was bespreek (veiligheidswetgewing, soldate in townships, wapenstryd en terugkeer van bannelinge insluitend Tambo)
- Die ANC en NP het nog steeds verskil oor die definisie van politieke gevangenisse
- Die Pretoria Minuut– 6 Augustus 1990 (ANC stem in om die wapenstryd op te skort, terwyl die NP die Noodtoestand opgehef het)
- Die 'skietstilstand' tussen die ANC en NP het nie die geweld tussen die ANC en Inkatha gestop nie
- Die rol van die 'Derde Mag' wat verantwoordelik was vir die voortslepende geweld in Suid-Afrika
- KODESA 1 (20 Desember 1991, 19 partye uitsluitend AZAPO; PAC en KP het bygewoon, 300 afvaardigers)
- Alle partye teken die Deklarasie van Voorneme (verbind hulle tot veelparty demokrasie)
- 'Slegs Wits' referendum in1992 (om vas te stel of wit Suid-Afrikaners die proses van onderhandeling ondersteun)

**GEWELD**

- Terwyl onderhandelinge aan die gang was, was daar voortslepende geweld in die land
- Geweld het gedreig om die proses van onderhandeling te ontspoor
- Boipatong Slagting in die Vaal Driehoek 17 Junie 1992 (ANC verbreek onderhandelinge met die regering, KODESA 2 samesprekings stort in duie)
- Bhisho Slagting 7 September 1992 en die nagevolge op die proses van onderhandeling
- Aanvalle deur die AWB op die Wêreld Handel Sentrum – 'n poging om die onderhandelingsproses te
- Sluipmoord van Chris Hani op 10 April 1993 het die proses van onderhandeling vir 'n demokratiese Suid-Afrika aangemoedig

**GEVOLGE VAN ONDERHANDELINGS**

- Memorandum van Verstandhouding – beide die ANC en die NP het besef dat die proses van onderhandeling moet voort gaan (Rol van Meyer en Ramaphosa)
- Veel Party Onderhandelings Forum wat die PAC en Konserwatiewe insluit
- Sonsondergangklousule voorgestel deur Slovo het onderhandelings dooie punt gebreek en die weg gebaan vir 'n demokratiese verkiesing in Suid-Afrika
- Datum vir die eerste demokratiese verkiesing is vas gestel (Suid-Afrika sal stem op 27 April 1994)
- Enige ander relevante antwoord

**Samevatting:** Kandidate moet hul argument saamvat met enige relevante samevatting. **[50]**

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2017 -03- 30
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

## VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasievaardighede]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet verduidelik tot watter mate die ineenstorting van die Sowjetunie bygedra het tot die politieke veranderinge wat in Suid-Afrika na 1989 plaas gevind het. Hulle moet 'n gedagte rigting volg en hul antwoord ondersteun met relevante historiese bewyse.

DEPARTMENT OF BASIC EDUCATION
PRIVATE BAG X895, PRETORIA 0001
2017 -03- 30
APPROVED MARKING GUIDELINE
PUBLIC EXAMINATION

**HOOFASPEKTE**
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

**UITBREIDING**
- Inleiding: Kandidate moet verduidelik tot watter mate die disintegrasie van die Sowjetunie bygedra het tot politieke verandering in Suid-Afrika na 1989

- Gorbachev se beleide van Glasnost en Perestroika se uitwerking op Suid-Afrika
- Teen die einde van 1989 het die Sowjetunie disintegreer
- Die ineenstorting van die USSR het die ANC negatief affekteer omdat die hoop bron van ondersteuning minder geword het
- Die Nasionale Party was ook geaffekteer deur die ineenstorting van die Sowjetunie – dit kon nie meer voortgaan om kommunisme as 'n verskoning te gebruik om suidelike Afrika state binne te val nie en nie om met die ANC te praat nie
- Die Nasionale Party se aanspraak dat dit Suid-Afrika beskerm teen 'n kommunistiese aanslag het onrealisties geword
- Suid-Afrika was nie meer 'n sleutel in die Koue Oorlog spanning in Suidelike Afrika nie
- Invloedryke Nasionale Party lede het begin besef dat apartheid nie die behoeftes van 'n wit kapitalisties ekonomie gaan beantwoord nie
- Die ANC en NP het geen keuse gehad as om met die proses van onderhandeling te begin nie
- Westerse moondhede was ten kunste van onderhandeling in Suid-Afrika
- Teen die laat 1980s was die Suid-Afrikaanse ekonomie in 'n depressie toestand
- PW Botha het 'n beroerte aanval gekry en is opgevolg deur FW de Klerk
- FW de Klerk het begin aanvaar dat swart Suid-Afrikaners se stryd teen apartheid was nie 'n komplot wat vanuit Moskou bestuur was nie
- De Klerk het die fondasie gelê vir samesprekings
- Politieke gevangenisse is in Oktober 1989 vrygelaat
- Vergadering met Mandela en De Klerk in Desember 1989
- Op 2 Februarie 1990 het De Klerk 'n deurslaggewend toespraak in die parlement gemaak
- Dit het die einde van apartheid aangedui
- Enige ander relevante antwoord

**Samevatting:** Kandidate moet hul argument saamvat met enige relevante samevatting **[50]**

**TOTAAL: 150**